basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/
NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

LANDBOUBESTUURSPRAKTYKE

MEI/JUNIE 2026

PUNTE: 200

TYD: 3 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 15 bladsye.

Kopiereg voorbehou

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings.
2. Beantwoord AL die vrae in die ANTWOORDEBOEK.
3. Lees die vrae aandagtig deur en beantwoord SLEGS wat gevra word.
4. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
5. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.
6. Toon ALLE stappe in die berekeninge.
7. Begin ELKE vraag op 'n NUWE bladsy.
8. Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.10) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.1.11 D.

1.1.1 Die keuse van 'n produksiemetode hang van … af.

A die metode van rekordhouding
B winsgewendheid
C internasionale neigings
D die beskikbaarheid van elektrisiteit

1.1.2 EEN van die volgende is 'n voorbeeld van 'n klimaatshulpbron in 'n boerderystelsel:

A Topografie
B Grond-pH
C Neerslag
D Wins

1.1.3 Grond met 'n rooi kleur is 'n aanduiding van …

A waterversadigde grond.
B goeie gronddreinering.
C swak gronddreinering.
D voedingstoftekort in grond.

1.1.4 'n Faktor wat NIE tot die prys van 'n geprosesseerde landbouproduk bydra NIE:

A Bemarkingskettings
B Marknavorsing
C Kompetisie
D Besigheidsplan

1.1.5 Prysbepaling waar die koste van produksie gelyk is aan die inkomste gegenereer:

A Vraag en aanbod
B Koste van produksie plus winspersentasie
C Markgeoriënteerd
D Gelykbreekpunt

1.1.6 Die eerste stap wat die boer gedurende die beplanningsproses moet doen:

A Vasstel van doelwitte en doelstellings vir die besigheid
B Evalueer die plan
C Kies die beste opsie
D Ontwikkel die visie- en missiestellings

1.1.7 … is 'n strategiese beplanningsinstrument wat 'n entrepreneur help om die besigheidsidee te evalueer.

A Visie
B Missie
C SSGB('SWOT')-ontleding
D Doelwitte en doelstellings

1.1.8 Die begroting wat geskatte uitgawes gee met betrekking tot paaie, heinings, diere en masjinerie:

A Bedryfsbegroting
B Kapitaalbegroting
C Arbeidsbegroting
D Aankoopbegroting

1.1.9 Volgens wet moet sekere inligting op 'n verpakkingsetiket voorkom. Kies die VERKEERDE stelling:

A Hoofbestanddele word laaste genoem.
B Bestanddele word in volgorde van hulle bydrae tot die massa van die produk genoem.
C Gebruik 'n handelsmerk en 'n beskrywing van die produk.
D Voedingsinligting word volgens aanbevole daaglikse toelaagtabelle bepaal.

1.1.10 Die geskikste krat om rou vleis te vervoer:

A 

B 

C 

D 

(10 x 2) (20)

1.2 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat by 'n term/frase in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–L) langs die vraagnommers (1.2.1 tot 1.2.10) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.2.11 M. Gebruik elke beskrywing in KOLOM B slegs EEN keer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.2.1	Motivering	A	wanneer die aantal produkte wat aangevra en geproduseer word, ewe veel is
1.2.2	Reënval		
1.2.3	Dreineringskaarte	B	'n effektiewe kombinering en koördinering van menslike, fisiese en finansiële hulpbronne om wins te maksimaliseer
1.2.4	Enkelkorrelstruktuur		
1.2.5	Bestuur	C	kontantlose beweging van geld tussen verskillende finansiële instellings, bankrekeninge of individue
1.2.6	Koöperasies		
1.2.7	Markewewig		
1.2.8	Oes	D	'n belangrike natuurlike hulpbron wat gewasproduksie beïnvloed
1.2.9	Wet op Vaardigheids-ontwikkeling, 1998 (Wet 97 van 1998)	E	vergoeding en werksbevrediging
		F	word maklik deur sterk winde geërodeer
1.2.10	Elektroniese fondsoordrag (EFO)	G	gebruik om areas in 'n land te identifiseer waar oortollige water verwyder moet word
		H	reguleer die heffing wat werkgewers vir die opleiding van werkers moet betaal
		I	deel van die bemarkingsplan wat verkope sal verhoog
		J	produsente kombineer hulle produkte, onderhandel vir die beste markprys, vind nuwe markte en koop toerusting by die groot maat
		K	versameling van eiers en die skeer van wol
		L	grond waar water baie stadig infiltreer

(10 x 2) (20)

1.3 Gee die KORREKTE landboukundige term(e) vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die term(e) langs die vraagnommers (1.3.1 tot 1.3.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.3.6 Rekordhouding.

1.3.1 'n Boerderyproduksiemetode wat tegnologiese toestelle gebruik om vermorsing tydens voedselproduksie te verminder

1.3.2 Verwys na kenmerke van die area, soos berge, heuwels en kontoere

1.3.3 Tipe verpakking van 'n produk waar die lug binne-in die verpakkingsmateriaal verwyder word

1.3.4 Verskillende produksievertakkings wat tot die inkomste van 'n boerderyonderneming bydra

1.3.5 Voedselverwerking waar kleur of smaak uit 'n produk onttrek word (5 x 1) (5)

1.4 Verander die ONDERSTREEPTE WOORD(E) om die volgende stellings WAAR te maak. Skryf die antwoord langs die vraagnommers (1.4.1 tot 1.4.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.4.6 Vaste kapitaal.

1.4.1 'n <u>Kwotasie</u> van alle bates op die plaas is nodig voordat 'n Balansstaat opgestel kan word.

1.4.2 'n <u>Teikenmark</u> is waar 'n boer 'n netwerk van markplekke vir direkte bemarking opbou.

1.4.3 <u>Delegering</u> is die bestuursbeginsel wat 'n voorvereiste is vir die implementering van beleid en om doelwitte en doelstellings op kort en lang termyn te behaal.

1.4.4 <u>Totale</u> koste is 'n uitgawe wat nie verander wanneer produksie-volumes toeneem of afneem nie.

1.4.5 Uitstaande rekeninge is deel van die <u>bates</u> in 'n Balansstaat. (5 x 1) (5)

TOTAL AFDELING A: 50


AFDELING B

VRAAG 2: FISIESE PLAASBEPLANNING

Begin hierdie vraag op 'n NUWE bladsy.

2.1 Noem die fisiografiese aspekte van die landskap wat die klassifikasie van die veld beïnvloed. (3)

2.2 Die grafiek hieronder toon die opbrengs verkry uit gewasproduksie en die hoeveelheid kunsmis toegedien.



2.2.1 Identifiseer die ekonomiese eienskap van grond wat in die grafiek hierbo geïllustreer word. (1)

2.2.2 Verduidelik die volgende intervalle van die grafiek:

(a) 450–500 kg kunsmis op die grond toegedien (2)

(b) 500–550 kg kunsmis op die grond toegedien (2)

(c) 550–600 kg kunsmis op die grond toegedien (2)

2.3 Noem maatreëls wat gebruik word om grondproduktiwiteit te handhaaf en te verbeter om optimale opbrengs te verkry. (3)

2.4 Onderskei tussen *soetveld* en *suurveld* met betrekking tot die invloed van die aspekte hieronder genoem op veldtipe. Kopieer en voltooi die tabel hieronder in die ANTWOORDEBOEK.

	SOETVELD	**SUURVELD**
Reënval		
Smaaklikheid in die winter		

(5)

2.5 Noem TWEE bronne van grondbesoedeling deur die landboubedryf en gee EEN voorbeeld van ELKE bron. (4)

2.6 Klassifiseer die volgende voorbeelde onder die tipe krediet wat gebruik word om boerdery-items aan te koop. Kopieer en voltooi die tabel hieronder in die ANTWOORDEBOEK.

- Koop dierevoer
- Verkryging van landbougrond
- Koop 'n baler
- Bou 'n pakhuis


LANGTERMYN-KREDIET	MEDIUMTERMYN-KREDIET	KORTTERMYN-KREDIET

(4)

2.7 Noem die probleme wat met kapitaal as 'n produksiefaktor geassosieer word. (3)

2.8 Noem die homogene eenhede van bewerkte grond wat vir suksesvolle gewasproduksie in ag geneem moet word. (2)

2.9 Die prent hieronder toon 'n grondbewaringspraktyk teen 'n steil helling.



2.9.1 Noem en beskryf die grondbewaringspraktyk wat hierbo getoon word. (3)

2.9.2 Gee DRIE redes vir die implementering van hierdie grondbewaringspraktyk. (3)

2.10 Noem die ekonomiese aspekte wat die implementering van presisieboerdery beïnvloed. (3)

2.11 Lees die scenario oor verbouingpraktyke hieronder.

BOER A

Boer A plant gewasse in bewerkte grond wat vir weke voor die plantproses kaal lê. Hierdie boer gebruik onkruiddoders en insekdoders as deel van 'n nagevorste gewasbeskermingsprogram. Hierdie program sluit die toedien van anorganiese kunsmis op 'n gereelde basis in om suksesvolle plantegroei te verseker.

BOER B

Boer B plant gewasse in onbewerkte grond waar die oesreste op die grondoppervlak bly voor en ná aanplanting. 'n Geïntegreerde plaagbestuursprogram, met biologiese beheer, speel 'n belangrike rol in die gewasbeskermingsprogram. Daar word minimaal op chemiese insekdoders staatgemaak. Gewasse word met organiese bemesting gespuit om suksesvolle plantegroei te verseker.

2.11.1 Identifiseer die verbouingsmetodes wat deur die boere hieronder gebruik is.

(a) BOER A (1)

(b) BOER B (1)

2.11.2 Evalueer of BOER A aan organiese boerderybeginsels voldoen. Motiveer jou antwoord. (3)

2.11.3 Kies die boer in die scenario hierbo wat hoë produksiekoste sal ervaar. Motiveer jou antwoord. (2)

2.12 Noem die nadele van die agritoerismebedryf. (3)
[50]

VRAAG 3: BESIGHEIDSBEPLANNING, ENTREPRENEURSKAP, BEMARKING, PRYSBEPALING EN DIE BESTUURSPROSES

Begin hierdie vraag op 'n NUWE bladsy.

3.1 'n Besigheidsplan is 'n dokument wat boere saamstel met die doel om hulle besigheidsidees te organiseer wat tot die sukses van die boerderyonderneming bydra.

3.1.1 Beskryf die redes vir die ontwikkeling van 'n besigheidsplan. (3)

3.1.2 Beskryf kortliks hoe 'n SSGB('SWOT')-ontleding die entrepreneur kan help om 'n nuwe onderneming te beplan. (4)

3.1.3 Verduidelik die belangrikheid van 'n besigheidsplan wanneer daar by 'n finansiële instelling om 'n lening aansoek gedoen word. (2)

3.2 Die persoonlike eienskappe hieronder is vir 'n entrepreneur belangrik.

uithouvermoë; innoveerder; risikonemer; besluitnemer; selfvertroue; interpersoonlike vaardighede; hardwerkend

3.2.1 Kies 'n persoonlike eienskap van 'n entrepreneur hierbo wat by ELK van die stellings (VRAAG 3.2.1(a)–(d)) hieronder pas. Elke eienskap kan net EEN keer gebruik word.

(a) Vind maniere om nuwe idees te ontwikkel om planne te maak om veiligheid op die plaas te verbeter (1)

(b) Goeie kommunikasie en motivering van werkers (1)

(c) Gee nie maklik op nie, al misluk die oes (1)

(d) Koop nuwe toerusting met die hoop dat dit produksie sal laat toeneem (1)

3.2.2 Noem die rol van entrepreneurs in besigheidsontwikkeling in die landbousektor. (4)

3.3 Die lys hieronder toon besighede wat in die landbousektor gevind word.

- Huur van vragmotors
- Slagpale
- Kompos- en organiese bemestingsmaatskappy
- Produksie van wol
- Die meulenaarsbedryf
- Die verbouing van groente


Identifiseer TWEE besighede wat onder die volgende sektore in die lys hierbo geklassifiseer kan word. Elkeen kan slegs EEN keer gebruik word.

3.3.1 Die primêre landbousektor (2)

3.3.2 Die sekondêre landbousektor (2)

3.3.3 Die tersiêre landbousektor (2)

3.4 Die skematiese voorstelling hieronder stel die fases in die bemarkingsketting van 'n landbouproduk voor.



3.4.1 Dui DRIE aspekte in die skematiese voorstelling hierbo aan wat die prys van 'n produk vir die verbruiker kan verhoog. (3)

3.4.2 Identifiseer die fase in die bemarkingsketting waar:

(a) Die installering van koelkamers produkbederf sal voorkom (1)

(b) Produkte by die grootmaat in kleiner eenhede verdeel word om verkoop te word (1)

3.5 Noem die VIER bronne van data wat 'n boer kan oorweeg wanneer inligting gedurende marknavorsing ingesamel word. (4)

3.6 Bespreek die aspekte van 'n suksesvolle bemarkingsplan. (2)

3.7 Die bestuurspan en werkers van 'n plaas het bymekaar gekom om besluite oor die swak opbrengs gedurende die produksieseisoen te neem.



Die bestuurder het 'n lys gemaak van die volgende stappe in die besluitnemingsproses wat oorweeg moet word:

- Kies die beste oplossing
- Beskryf die probleem
- Evalueer al die moontlike oplossings
- Identifiseer al die moontlike oplossings

3.7.1 Rangskik die stappe in die besluitnemingsproses hierbo in die korrekte volgorde. (4)

3.7.2 Lewer kommentaar oor hoe die vergadering tot die motivering van werkers bygedra het. (2)

3.7.3 Noem DRIE faktore wat die effektiwiteit van die besluitnemings-proses beïnvloed. (3)

3.8 Wetgewing hanteer die voorwaardes van indiensneming vir plaaswerkers, soos in die lys hieronder.

A Reg op teepouses, middagetepouses en verlof
B Reg om aan 'n werkersvakbond te behoort
C Voorsiening van veiligheidstoerusting wanneer met gevaarlike chemikalieë gewerk word
D Vergoeding vir beserings wat aan diens opgedoen word

Identifiseer die letter (A–D) wat met ELK van die volgende Wette geassosieer word:

3.8.1 Wet op Arbeidsverhoudinge, 1995 (Wet 66 van 1995) (1)

3.8.2 Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid, 1993 (Wet 85 van 1993) (1)

3.8.3 Wet op Basiese Diensvoorwaardes, 1997 (Wet 75 van 1997) (1)

3.9 Noem VIER vereistes vir regverdige en doeltreffende dissiplinêre optrede. (4)
[50]

VRAAG 4: FINANSIËLE BEPLANNING, REKORDHOUDING, OES, WAARDE-TOEVOEGING EN VERPAKKING

Begin hierdie vraag op 'n NUWE bladsy.

4.1 Verduidelik die doelwitte van 'n plaasbestuurder wanneer 'n begroting opgestel word. (2)

4.2 Klassifiseer depresiasie as 'n inkomste of 'n uitgawe vir 'n boer. Motiveer jou antwoord. (3)

4.3 Die Kontantvloeistaat is een van die drie finansiële state wat 'n boerderyonderneming se finansiële prestasie bepaal.

4.3.1 Beskryf 'n *Kontantvloeistaat*. (4)

4.3.2 Noem die ander TWEE finansiële state. (2)

4.4 Finansiële rekordhouding is noodsaaklik vir winsgewende boerdery.

4.4.1 Onderskei tussen die konsepte *debiteure* en *krediteure* in die Balansstaat van 'n boerderyonderneming. (2)

4.4.2 Klassifiseer 'n debiteur as óf 'n bate óf 'n las vir die Balansstaat van die boerderyonderneming. (1)

4.5 Noem die voordele van effektiewe en relevante opleiding van plaaswerkers. (2)

4.6 Werknemers wat meer as 24 uur 'n maand werk, moet 'n geskrewe indiensnemingskontrak hê.

Noem die hoofitems wat in só 'n kontrak moet voorkom. (3)

4.7 Die Minister van Indiensneming en Arbeid het aangekondig dat die nasionale minimum loon vir elke gewone uur gewerk, met ingang van 1 Maart 2024, na R27,58 sal verhoog.

4.7.1 Verduidelik hoe die stelling hierbo die boerderyonderneming beïnvloed. (3)

4.7.2 Bereken die salaris van 'n werker as die werker 8 uur 'n dag en 22 werksdae in 'n maand werk. (3)

4.7.3 Noem 'n metode wat die boer kan gebruik om van die werkers se werksure boek te hou. (1)

4.8 Die lys hieronder toon verskillende voedselpreserveringsmetodes.

droging; fermentasie; filtrasie; souting; versuikering; bestraling

Kies TWEE preserveringsmetodes wat in die maak van die volgende gebruik word:

4.8.1 Biltong (2)

4.8.2 Bier en wyn (2)

4.9 Noem die voordele van die toepassing van goeie landboupraktyke wanneer produkte gehanteer word. (3)

4.10 Beskryf die voordele van die prosessering van produkte op die plaas. (3)

4.11 Onderskei tussen *stoor van produkte in groot maat* en *stoor van produkte in klein hoeveelhede* onder die volgende opskrifte:

4.11.1 Plaaginfestering (2)

4.11.2 Langtermynkoste van verpakkingsmateriaal (2)

4.12 Beskryf *ekstrusie-omskakeling* as 'n metode om plaasprodukte te prosesseer. (3)

4.13 Noem die aspekte waarteen verpakking die inhoud moet beskerm. (3)

4.14 Riglyne moet gedurende die vervoer van plaasdiere gevolg word. Verduidelik TWEE riglyne wat NIE in die prent hieronder gevolg word NIE.



(4)
[50]

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou